
# HABARI 2004

## NUUSBRIEF VAN DIE VRIENDE VAN OOS-AFRIKA
## NEWSLETTER OF THE FRIENDS OF EAST AFRICA



BAMBOESKERK

BAMBOO CHURCH

## OOS-AFRIKA SAAMTREK 2004

KARIBU SHAURI MINGI, ALAKINI HABARI MAZURI. Ja, ons moes amper vanjaar weer lelik rondval om 'n plek vir ons saamtrek te kry. Net toe ons alles agtermekaar wou kry, vind ons uit dat 'n groot maatskappy die piekniekterrein by die Voortrekker Monument vir duisende mense vir 'n hele week bespreek het, ons datum ingesluit.

Ons was hard aan die werk om Plan B in werking te stel, toe Estelle Pretorius ons laat weet dat die maatskappy so uit die bloute uit hulle afspraak gekanselleer het. Ons is dus weer terug by die Monument op Saterdag 2 Oktober 2004, by die plek wat ons ken. Die nodige geriewe is reeds al verlede jaar op die terrein aangebring, en dit is nie meer nodig vir die Msee's om so ver te loop nie. Baie dankie weer aan Estelle vir haar hulp en belangstelling.

Dit lyk of vanjaar 'n opwindende jaar vir die oud-Oos-Afrikaners gaan wees daar by die Voortrekker Monument. Die Tanganyika mense beoog om 'n replika van die Kampfonteinmonument by die ingang van die Fort Klapperkopmuseum op te rig; volgens plan word dit op 16 Desember 2004 onthul. Van ons komiteelede het ook die sooispitfunksie bygewoon, en Pieter Pieterse en Adie de Beer was by ons komiteevergadering om vir ons oor al hulle planne in te lig. Sien die berig in Habari. Nou het ons 'n verskoning om sommer twee keer vanjaar daar by die Monument te kuier.

Dit lyk of die toegangsgeld per motor vanjaar weer onder inflasie deurgeloop het; so êrens in die omgewing van R20-00 per motor. Gelukkig betaal ons darem nie per kop soos by die ander plekke nie.

Laastens 'n paar GROOT DANKIES aan die persone wat jaar na jaar sorg dat ons so kan uitsien na die eerste Saterdag van Oktober:

- Eddie de Waal en Danie Steyn wat ure se werk doen aan die versameling van bydraes en die voorbereiding en redigering van HABARI.
- Ons borg, Janssen Davies, van Sage Life wat al jare sorg dat ons die nodige fondse het om HABARI die lig te laat sien.
- Krige van Heerden wat weer eens gereël het vir iemand wat die Habari kan dupliseer.

Ons gesels verder op 2 Oktober.

***Alex Boshoff.***

## DON BOUWER SE MENSE

Een oggend vroeg, nadat ek wakker geword het, lê ek en dink aan die dae toe ons nog almal lekker in Kenia gebly het - aan my kindsdae, toe ek nog onskuldig was en knus gevoel het onder die sorg van my pa en ma. Toe gaan my gedagtes terug, veral na wie my pa en ma was, wat hulle vir my beteken het en waarvandaan hulle kom. Ek het gevoel dat dit reg sou wees as ek dit wat ek van hulle onthou, op skrif stel, want hulle het diep spore in Kenia getrap. My ma was die stille krag wat kinders moes grootmaak en nog help op die plaas terwyl my pa besig was met sy openbare pligte.

My ma, Florence Emslie, was in 1905 gebore in die distrik Standerton en het in 1908 saam met my oupa en ouma Emslie na Kenia verhuis saam met die Van Rensburg trek. Die deel van haar familie op daardie trek was oom Abel en oom Frikkie Erasmus; oom Gideon van Staden en oom Arnoldi (laasgenoemde het ek nooit geken nie). Hulle was almal getroud met my ma se susters: tant Annie met oom Abel; tant Johanna met oom Frikkie; tant Alice met oom Gideon; tant Hester met oom Arnoldi. Dan was daar ook haar broers: oom Boet wat getroud was tant Francina Steyn; oom Karel Emslie met tant Baby du Plooy - sy is oorlede en het hy weer getrou met tant Nellie (gebore Steenkamp). Tant Bennie, my ma se jongste suster, het in Kenia getrou met oom Muller Kleynhans, en nadat hy oorlede is, is sy getroud met oom Andries Prinsloo.

Op die Uasin Gishu Plato het my ouma en oupa 'n stuk grond gekry teenaan die Broederstroom rivier. Dit was na die Anglo-Boere Oorlog en hulle het min besittings gehad na die verwoesting deur die Engelse. Wat hulle oorgehad het, kon hulle op 'n bokwa laai. Daarmee is hulle Kenya toe, met beeste om die wa te trek. Ek onthou nog die huis, gebou van blou ysterklip met 'n sinkdak. Die kere wat ons vir Ouma-hulle gaan kuier het, het ek soggens saam met my broer Willem so 'n bietjie by Ouma in die bed gaan lê. Hoeveel kleinkinders klim nie vandag nog by hulle oupa en ouma in die bed nie! Dis tog te lekker. Toe ons kleinkinders nog klein was het hulle dit ook gedoen. Oupa Emslie het ek nooit geken nie; voor my geboorte hy is dood nadat 'n slang hom gepik het.

Die hele Van Rensburg trek het per trein na Lourenzo Marques (Maputu) gegaan en daarvandaan met 'n boot na Mombasa en weer per trein vanaf Mombasa tot by Londiani, waar hulle afgeklim het en met wa en osse na die Uasin Gishu Plato getrek. Na 'n groot gesukkel deur die bekende bamboesbos by Timbaroa - waar die waens letterlik tot op hul aste weg gesak in die modder, het hulle uiteindelik hulle bestemming bereik.


Die behoefte vir 'n skool vir die kinders van die Suid-Afrikaanse Setlaars was natuurlik groot en het die Afrikaanse gemeenskap 'n skool, laer af aan die Broederstroom rivier, van waar Ouma se plaas was, teenaan die pad wat vanaf Verbrandebos na Sergoit en Moiben loop, gebou. Daar het my ma en baie ander kinders skool gegaan en as ek reg onthou, was oom Bokkie von Maltitz een van die onderwysers.

Later het ek en Willem vir twee jaar ook daar skoolgegaan, en toe was oom Wolfie Wolmarans die hoof.



My pa en ma op hul troudag. Voor sit van links na regs: oom Steyn Pohl, my pa en ma en oom Jan le Roux. Agter oom Steyn se vrou, tant Joe, oom Charlie Pohl en sy vrou, tant Eulalia.

Saam met ons op die skool was Kleinboet van Staden (Gideon), Hennie en Felix van Heerden, Mias Bischoff, Jan Murphy, Corrie von Maltitz, Lena van Rensburg en nog ander wie se name ek vergeet het. Ons het by oom Gideon en tant Alice van Staden geloseer terwyl ons op Broederstroom skoolgegaan het, en het elke dag ongeveer 3 myl skool toe en terug geloop.



Ons huis op Ainabkoi, waar ons tot 1934 gewoon het. Daar is groot seders en geelhoutbome in die agtergrond.

My ma was negentien toe sy met my pa getrou het. Hulle het geboer op die plaas waar Mnr Pembridge later gebly het. Daar was ek, my broer Willem, en my suster Joan, gebore. Op die plaas was 'n waterwiel wat die graanmeule aangedryf het in vroee 1920's. Die water wat die wiel aangedryf het, het uit die Sosianirivier gekom. Die plaas was geleë net onderkant die samevloeiing van die Hajee'sdrif en die Broederstroom riviere.

My pa, Will Bouwer, was op Molteno in die Kaap Kolonie gebore en sy vader en moeder het Transvaal toe verhuis en op 'n plaas, waar die Johannesburg Internasionale Lughawe vandag is, geboer. Altwee sy ouers is in 1910 oorlede toe hy sestien jaar oud was. So is hy wees gelaat saam met drie susters en 'n broer. My pa was die oudste kind. Die twee seuns het probeer aangaan met die boerdery, maar moes dit laat vaar as 'n onmoontlike taak. Oom Gert Bouwer, my pa se broer (ook bekend as Gerry) het my vertel dat hy en my pa self geboer het en dat as daar geploeg moes word, het hy tou gelei en my pa was die ossedrywer. Toe die Eerste Wereldoorlog uitbreek in 1914, het my pa by die Suid-Afrikaanse magte aangesluit en in die destydse Duits Wes- en Duits Oos-Afrika geveg. Na die oorlog het hy besluit om in Kenya te bly om gebruik te maak van die geleentheid wat die Britse Regering vir soldate aangebied het om grond in Kenia te bekom vir die diens wat hulle, as soldate, vir die Britte verrig het.

Dit dien net om gemeld te word, dat Oom Gert Bouwer om en by 1920, saam met 'n maat 'n staptog deur die lengte van Afrika, vanaf Kaapstad tot in Kairo onderneem het. Sy maat het net tot sover as Noord-Transvaal gekom en oom Gert moes tou opgooi in Rhodesië. In 1927/28 het hy met 'n Chrysler motor vanaf Londen deur Afrika gery, tot in Kaapstad - die eerste persoon wat dit gedoen het. In daardie dae was daar geen gemaakte paaie nie, net karavaanroetes deur die woestyn. Verder het die roete net uit twee spore bestaan. Die brûe oor die riviere was gebou van boomstompe wat dwars gelê was. Ek onthou nog van voor ek skool toe gegaan het, hoe oom Gert by my pa en ma aangekom het op die plaas op Ainabkoi, waar ons toe gebly het, op sy tog Kaap toe.

Ek kan ook onthou dat ons nog met 'n wa en osse verhuis het vanaf die Plateau plaas na Ainabkoi toe. Daar het my pa saam met Mnr Lamb geboer en toe later die plaas by hom oorgeneem. Dit was 'n pragtige wêreld met sy hoë seders, geelhoute en ysterbome. Daar het die wildehonde eendag een van ons beeskalwers tot op die werf gejaag. Ek sien nog in my geestesoog hoe die kalf op die werf aangehardloop kom met die wildehonde agterna. My pa het een van die honde dood geskiet en die ander het gevlug.

Daar het my pa en ma baie moeilike jare deurgemaak, dit was in die depressie jare en behalwe dat geld skaars was, het sprinkane ook hulle gesaaides verwoes. Later is daar ook met Pyrethrum geboer. Die klimaat is uiters geskik om die gewas daar te verbou.

Toe ons nog op Ainabkoi gewoon het, was my pa aangestel as vrederegter. Later het ons weer verhuis na die Plateau waar my pa en ma gewoon het totdat hulle na Suid-Afrika verhuis het in 1961. Nie lank nie nadat ons op Chepkoilel, die plaas op die Plateau, begin boer het, het Dad betrokke geraak in die plaaslike politiek. Hy was verkies tot die Uasin Gishu Distriksraad en later as die Uasin Gishu Distrik se verteenwoordiger in die Kenya Wetgewende Raad. Hy was die enigste Afrikaner wat sitting gehad het op die Raad.

Toe Kenia, Uganda en Tanganika, vandag bekend as Tanzania, 'n Federasie gevorm het, was hy een van die twee Kenya verteenwoordigers op die Federale Raad. Sir Alfred Vincent was die ander verteenwoordiger.

Dié Raad het 'n kortstondige bestaan gehad.

Vir die uitstaande werk wat hy verrig het terwyl hy in die parlement was, was Dad met 'n "Sir"-skap deur die Britse Regering beloon. Hy het dit van die hand gewys. Ons het nog vir Mammie gespot dat sy dan as Lady Jane onder die Engelse bekend sou wees, haar doopname was Florence Jane. In dieselfde tydperk was oom Fanie Kruger met die OBE vereer - 'n ander Afrikaner wat uitstaande diens vir die Afrikaanse gemeenskap in Kenia verrig het.

As ek dit reg het, was Dad 'n stigterslid van die KFA (Kenya Farmers Association) en was hy op die direksie van dié koöperasie vir baie jare totdat Koppie Eksteen by hom oorgeneem het. My pa het 'n leidende rol gespeel in die Vergenoeg Gemeente waar hy vir baie jare as ouderling gedien het en die Gemeente verskeie kere verteenwoordig het op Ring- en Sinodesittings.

Na Uhuru het my pa en ma besluit om na Suid-Afrika te verhuis. Hulle het hulle gevestig op 'n plaas in die Luckhoff Distrik in Suidwes-Vrystaat, waar hulle al vroeër 'n plaas bekom het naby my suster Joan en haar man John Freund. Daar het hy en my jongste broer Charles met skape geboer. Nadat die Staat die plaas gekoop het, het hulle op die dorp gaan woon. Die Vanderkloofdam in die Oranjerivier het 'n groot deel van die plaas gevloed en kon nie

meer as 'n ekonomiese eenheid bedryf word nie. Charles het met die opbrengs van die Luckhoff plaas 'n besproeiings plaas aan die Modderrivier naby Kimberly gekoop waar hy geboer het totdat hy oorlede is aan breinkanker. Sy seun Anton boer nou daar. My pa is in 1978 in Luckhoff oorlede en my ma in 1990 in Witbank waar sy by my suster Winnie gewoon het. My pa en ma is albei in Luckhoff begrawe. □

## Joey de Meyer

Ter nagedagtenis aan Tant Joey de Meyer, sy is op die ouderdom van 90 jaar oorlede in Marble Hall Rusoord die 23ste April 2004. Mammie was gebore op Kericho. Sy was getroud met Faan Eksteen en 4 kinders is uit die huwelik gebore. Daarna is sy getorud met Florus de Meyer Jnr. En ons die tweeling is gebore. Mammie en ons 2 het op Hoeysbrug reg oor die polisie kantoor gebly. Sy het maar altyd in koshuise gewerk in die kombuis, sy kon lekker kos maak. In 1962 het sy en my broer Kobus per skip vanaf Mombasa na Durban gekom en sy het hier ook in die skole gewerk.

My skoonma tant Mina Stephens getroud eers met Roelof du Toit, is die 14 Jan 2004 in Australia oorlede. JJ du Toit van Eldoret is 19 September 2003 oorlede, sy vrou en kinders is nog in Eldoret en Mombasa. Dit is my man Willie se oudste broer.

Manie en Willie du Toit
□

## A Visit to Diane Beach

**MAY BOTHMA WRITES:**

I have just come back from a visit to the East African Coast. That is from Mombasa southwards - to be exact, the famous DIANE BEACH.

I would like to wet your palates and tell you something of my experiences. My story is about visiting the most beautiful coast in the entire world. The Diane beach is of the whitest sand and the bluest waters - talk about tranquillity and rest! This is paradise. Here you can find it away from all the hustle and bustle, which gets us tied up into stressful knots.

It was quite an exercise to get there, though. In the past we always came by road via Botswana, Zambia, Tanzania, Kenya. This time I flew from South Africa, connected with Minnie and George Woodley at Fringilla farm, Lusaka, Zambia, and stayed with them for a couple of days. Then we all left for the Kenya Coast on Holiday. Boarding an Aircraft from Lusaka via Malawi, Nairobi, and Mombasa with Kenya Airways. We flew on a beautiful new Aircraft, Boeing 777-200 ER. Our flight was delayed at every connecting airport due to all the celebrations for the inauguration and introduction of the newly acquired aircraft. I must acknowledge the fact that this bird of the air is a beauty, and a pleasure to experience.

We very nearly missed our connecting flight to Mombasa, as we were three hours late. It was only the Lord's intervention that saved us. It was held back due to a technical fault and we could only make the flight by the skin of our teeth, rushing through Jomo Kenyatta terminal, through Immigration, Customs the lot. This was a race for only the fittest. Minnie had just had a hip replacement two months before - she was in a wheelchair - and for the others it became a challenge. By the time we boarded our connecting flight, the other passengers were glaring at us in apprehension. Anyway the flight was eventually quite pleasant and we landed at Arap Moi after dark 7.30pm.



Tana rivier waar dit in die see inloop.

At Mombasa our Mutatu was already and waiting. An upper class Combi with armchair seating all covered in cotton material and reasonably clean. It was in good shape and we speeded through the night, through Mombasa City centre to the Likoni Ferry. By this time I was shivering in my boots, as we passed through alleyways, avoiding the main streets and the greater part of the homeward bound traffic.

Mombasa has its very own type of smell of drying fish, Curry and Oil. The sea was calm and a lovely breeze blew fresh air into our vehicle as we reached the ferry service. There was no waiting and we were shown to a parking space on the ferry.

Memories seem to come back...

Just across the ferry we stayed in the Sea Breeze Hotel. Pa Botha was taken ill at the time and we had to cross over from the Hotel to visit him in hospital twice daily, which was a nightmare for my Mom and I.

The charge for the ferry was 20/- for our vehicle and I could not make out whether pedestrians paid to cross. Talk about pedestrians! At least 2000 were on their way home with us on the ferry. The population figure must be much higher now than when we were last in Kenya some 8 years ago.

The tar road down the South Coast is scattered with potholes - narrow and dangerously tricky to negotiate.
Speed Bumps where you would least expect them and roadblocks with dreadful spikes. If you would be so bold as to try to avoid stopping, you would surely never forget your misery. After winding through the night and various turns we reached our destination.

What an awesome place. The house is nothing to write home about, but the area is so beautiful. The moon is fully in view across the waves and the air is so fresh. The beach is pure white and the little white crabs are busy playing their games of hide and seek. What a sight of splendour and beauty, my heart misses a beat or two as I remember times long past, which could never be again. I now walk alone as Loodt is no longer with us. This brings back sweet memories of youth and a life so carefree and blessed.

Every amenity and commodity is available. Whatever you wish in the line of a Sea Platter is available. It can be brought right to your doorstep. Fish, crab, lobster, prawns, squid, snails - whatever you can wish for as far as your choice goes. Fresh fruit and vegetables are available daily from the vendors who come on their bicycles. Milk, eggs and groceries can be bought from a

couple of grocers in the Ukunda Shopping area. Nothing is unobtainable. We are happily surprised. Only, some things do cost more than what we are used to. I was sure I would enjoy this holiday tremendously.

Foreign visitors at the coastal resorts seem to be few and far between this time of the year. There are still some facilities that seem to function well. Kenya's tourist boom has long since passed by. This is very sad. Some of the most beautiful Hotels are all but empty except for 2 or 3 visitors present. We visited a few of these for a meal or a drink and just wondered how they can still exist on seemingly very little income to be fully operational.

Mombasa town itself is utter chaos. I have never seen so many vehicles muddling around roundabouts, alleyways, one-way streets, pedestrians, handcarts and bicycles the lot. Stay out of Mombasa if you can help it.

But boy! Give yourself a treat and visit this place that is called Diane. It is a real treasure with so much to explore. I really can recommend it. If you want any details contact May Bothma. P.O. BOX 526 PIETERSBURG. R.S.A.

## Herinneringe van **Martie Davies**

**My ouers en** grootouers het die Van Rensburg-trek na Brits Oos Afrika in 1908 meegemaak. (later Kenia.) My grootouers, Gert en Sannie Jansen van Vuuren, was van Potchefstroom, en my ouers, Faan en Hannie Jansen van Vuuren, was van Komatipoort. My broer Lukas was toe vyf jaar en my twee susters, Judith en Susan, onderskeidelik drie en een jaar oud. Lukas was sewe jaar toe hy oorlede is. Hy was die eerste een van ons familie wat in Kenia gesterf het.

Nadat die mense in Mombasa aangekom het, het die trek na die Wit Hooglande toe begin. Elkeen van die gesinne het toe so op 'n streep besluit waar hy wil bly. 'Oupa' Jan van Rensburg, die trekkerleier, oupa Gert en 'n paar ander families het besluit om nog verder oor die ewenaar te trek tot in die Eldoret distrik vroeër bekend as "Vier-en-Sestig". Hulle besluit toe hulle het nou genoeg getrek en meet die plase uit.

Oupa Gert het getrek tot by 'n rivier, waarvan ek nou die naam vergeet het, naby 'n waterval, en daar nes geskop. Die eerste wat hy geplant het was sy paar patats in die draai van die rivier. Die plek is toe Patatadraai genoem. My oupa het later vir baie mense van daardie patatta ranke gegee.

Nadat die plase uitgemeet was (ons plaas was 'n hele paar uur se stap van Oupa s'n) moes elkeen probeer om 'n lewe te maak. Later het Pa gelukkig by die Spoorweg werk gekry. As krygsgevangene vroeër, het hy goed leer Engels praat, en het dit hom baie gehelp om met die mense om hom te kommunikeer. Hulle was vier manne wat die spoorwegwerk gekry het, 2 Italianers en 2 Afrikaners.

Hulle moes die treinspoor bou van Nakuru na Eldoret, wat ver was. Aangesien Pa en Ma nog nie huis gebou het nie (net so 'n tydelike hartbeeshuisie), besluit hulle dat hulle trek - so saam met die spoor se bou. Ons rondawel het bestaan uit mure van gras en 'n dak van gras met 'n styfgespande kwaggavel vir 'n deur. Dit was nogal 'n mooi deur - maar ek sou nie nou van so 'n deur hou nie!

> "Ek het my kinderdae baie geniet"

Na wat my ouers my vertel het, is ek in 1920 gebore. So het ek saam met die spoor en bosse opgegroei, en daarom is ek vandag nog so lief vir wilde diere en bosse.
Ek was nooit bang nie. My ma het my vertel hoe ek eendag weggeraak het in 'n groot bos. Ek was so ongeveer vier jaar oud. Ma en my oudste suster het gaan wasgoed was by die fontein of rivier. Hulle is vroeg die oggend weg, en my ander twee susters moes in die kamp bly en na my omsien. Ek het buite gespeel en toe besluit om te gaan kyk waar my ma en oudste suster is. Ek het geen idee gehad in watter koers hulle is nie. Ek is die bos in, het blomme gepluk en die mooi skoenlappers probeer vang. Toe ek taamlik diep die bos in was, het die honger en dors aan my begin knaag. Ek het begin huil en roep, maar al antwoord op die piepstemmetjie was die bos se stilte.

Toe my suster sien ek is weg, het hulle na Ma toe gehardloop en seker gehoop ek sal daar wees. Hulle het nie 'n idee gehad hoe laat ek weggeloop het nie. Hulle het na Pa gehardloop, maar daar was ek ook nie. Nou was alles in rep en roer. Die fluit (wat gebruik is om die werkers se begin tyd en ophoutyd aan te kondig) is geblaas. Die soektog na my het begin. Elke hoof het 'n span manne gehad, ek weet nie hoeveel nie, maar vir my as kind was hulle sommer baie. Laat namiddag het een van die manne my gekry. Ek het eers geskrik toe ek hom sien, en eers gedink dit is 'n wilde dier wat my nou gaan eet, maar toe hy praat, en ek sien dit is ook

**Terug na Sender - Return to sender**
*Piet en Ella Blake,* Posbus 8037, Die Heuwel, Witbank 1035; *Boet en Rita de Bruin*, Posbus 1628, Groblersdal. 0470; *Mev JC de Flamingh*, Rangeweg 94, Kenwyn, 7764; *Johan & Ria du Toit,* 16 Hamellaan, Comet, Boksburg, 1459; *By Fourie,* Posbus 2911, Durbanville, 7550; *Dries & Limtha* Fourie, Posbus 1678, Montana Park, Kempton Park 1619; *Joof Joubert*, w/s 4 Rus 'n Bietjie, Posbus 13214, Geduld 1562; *Johan Korf,* 66 President str, Vryheid, 3100; *Mnr Joe Kruger*, Posbus 10, Malelane, 1320; *Tant Sannie Mans,* Mooi Havens Oue-te-Huis, Winkelspruit 4125; Ria McCulloch, Private Bag X38, 1760; *Mrs W Munro,* 16 Barclay Ave, Discovery ex 2, 1709; *Mev Elizabeth Pistorius*, Reimar 28, Cilliers str 45, Sunnyside, 0002; *Mev MFM Prinsloo*, Posbus 16021, Strubenvale, 1570; *Mnr SIR Ross,* P/A Buccaneer str 6, Impala Park, Boksburg, 1459; *Piet Steenkamp,* Posbus 14772, Middelburg, 1050; *Pieter Steenkamp*, Posbus 14772 Middelburg. 1050; *Edward & Connie Stevenson*, 36 Churchill Rd, Amanzimtoti. 4126; *Mnr RE Steynberg*, P O Box 20, Tom Burke, 0621; *Mnr Henk Swanpoel,* Posbus 2322, Kocksvlei, 1764; *Ds & Mev JP Theron*, Posbus 27211, Greenacres, PE 6057; *Mnr WH vd Westhuizen,* Posbus 30586, Sunnyside, Pretoria 0132; *Bobby van Rensburg*, Posbus 663, Johannesburg. 2130

net 'n mens, was ek bly en al kon ek nie sy taal verstaan of dink waarheen hy my neem nie. Solank ek net uit die donker bos kom.

Hy het my toe na sy baas se kamp geneem. Die het toe weer die fluit geblaas om almal weer bymekaar te kry. Vir my ouers was dit baie traumaties toe hulle die fluit hoor. Hulle was nie seker of ek gevind is en of die soekery gestaak word nie. Indien ek gevind is, was ek lewend of dood? Dit was nou amper donker. Daardie jare was daar nog nie flitse nie, en het hulle nog gewone ou safarilampe gebruik. Dit was ongeveer sewe uur die aand toe die man, wat my gekry het, en sy baas by my ouers se rondawel aankom. Daar was groot blydskap dat ons weer herenig is.

Ek het nie weer in die bos gaan loop nie - het net 'n goeie les geleer. Ek het eerder saam met Pa gegaan en lekker op die koekepan, of trollie (soos dit geken was) gaan ry. Daar was 'n sitplek vir twee mense en ek het dit geniet om onder die sitplek te lê en slaap. My hare was in 'n string op die kop gevleg en 'n kappie is dan aan die hare vasgesteek met 'n haakspeld, sodat ek dit nie kon afhaal nie. Dit is alles gedoen om my teen die son te beskerm.

In my verbeelding sien ek nog die 'dieksie' waarin die kos vir die dag gepak is, en die seil bottels waarin die drinkwater in die koffie gegooi was.

Ek het my kinderdae baie geniet. □

## Desember 1904 en 'n 100 jaar later

Daar was 'n sooispitfunksie op Vrydag 12 Maart 2004 by Fort Schanskop, net langs die Danie Theron gedenkteken. 'n Replika van die oorspronklike Trekmonument 1904 -1954 wat op 16 Desember 1954 daar onthul is, word teen Desember 2004 ingehuldig - 100 jaar nadat die eerste Afrikanergesinne na Duits-Oos-Afrika vertrek het om hulle daar te vestig na afloop van die verwoestende Anglo-Boere-oorlog.



Sooispitfunksie by Schanskop, Pretoria. Tant Mimie Pieterse in die middel.

Die eerste gesinne, 'n totaal van 41 mense, het op 21 Junie 1904 per trein vanaf De Brug stasie in die Middelburgdistrik na Delagoabaai vertrek. Vandaar is hulle per skip, Die Hertzog, na Dar-Es-Salaam, waar verderonderhandeli is met die simpatieke Duitse owerheid.

Van Dar-Es-Salaam is hulle per skip tot by Tanga en verder per trein tot op Korogwe. Daar is waens afgelaai en aanmekaargesit vir die trek die binneland in. Dit was 'n moeilike trek. Osse moes gekoop en geleer word, moerasse en oerwoude is getrotseer, paaie is gekap en brûe gebou. Van die mense het aan malaria gesterf. Die eerste trekke het bestaan uit die volgende mans en hulle gesinne: Pieter von Lansberg - 5 mense (Hy was die leier). Cornelius von Landsberg - 5 mense; Pieter van Dyk - 4 mense; Jurie Bekker - 9 mense; Jan Venter - 9 mense; Jannie de Beer - 5 mense; Dan was daar ook nog Pieter Jacobs - senior en Pieter Jacobs Junior. Twee enkel-lopende mans wat saamgekom het, was Wynand Pretorius en Daantjie van Wyk.

## 'n Replika van die Trekmonument 1904 -1954 word teen Desember 2004 ingehuldig

Die Duite owerheid het 'n gebied tussen die Ngorogorokrater en Kilimanjaro aan die trekkers toegewys. Daar kon hulle plase afmeet en mettertyd koop. Die Duitsers wou die gebied vestig as n buffer tussen die trotse Masaistamen ander minder dapper stamme.

Die trekkers was beswaarlik gevestig, toe die Eerste Wêreldoorlog in 1914 uitgebreek het. Suid-Afrika was nou deel van die Britse Ryk en daarom was die boere outomaties by die oorlog betrokke. Talle Suid-Afrikaners het onder leiding van Jan Smuts Duits-Oos-Afrika binnegeval. Die boere wou hulle hoegenaamd nie by die Britte skaar nie, maar wou ook nie vir die Duitsers veg nie. Die boere lê toe 'n Eed van Neutraliteit af. Ongelukkig glip Gert Pretorius oor die grens om as spioen by die Britte aan te sluit, en Rooipiet, wat nou in Kenia was, probeer oor die grens glip omdat Britse propaganda dit wou hê dat die Duitsers die Boere martel. Die Duitsers was nou lugtig en beveel die boere om hulle plase te verlaat. Hulle word ondermeer na die Ufiomi kamp gestuur, waarna hulle, opnuut verarmd, na hulle plase terugkeer. Nou was die plase verniel, die huise afgebreek en die vee skoonveld.

In 1939, met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog, is hulle weer teen die grond.

Na die eerste trek was daar nog verskeie ander trekke soos: die tweede trek 1905 - die De Beer trek. Daar was 29 gesinne en 270 mense. In 1905 het ook gevolg die Joubert trek - 42 gesinne; die Abraham Joubert trek na Brits Oos-Afrika. In 1906 het die Malan trek plaasgevind. Daarna was daar nog verskeie groepies en enkelinge.

In die destydse Tanganjika het die Afrikaners besluit om ter nagedagtenis aan die dapper trekkers'n monument op te rig. Die hoeksteen is op 4 Desember 1954 gelê, 50 jaar vanaf die aand toe die waens tot stilstand gekom het op 'n plaas wat van toe af Kampfontein sou heet.

Die terrein rondom die hoeksteen was egter uiters ontoeganklik, en daar word besluit om dit te

skuif na 'n plek langs die grootpad vanaf die Kaap na Kairo. Dit was waarskynlik die verste noord dat 'n monument deur die Afrikaners opgerig is. Die monument bestaan vandag nog en word goed versorg deur die Lutheraanse sendingstasie wat die plaas gekoop het nadatdie Boere daar weg is.

Die teruggekeerdes uit Tanganjika het mettertyd die Tanganjika saamtrek gevorm. Hierdie groep het met genl Opperman van die Erfenisstigting geskakel en deur sy bemiddeling - en dié van mej Cecilia Kruger, Bestuurder Vakkundige Dienste - is 'n plek by Fort Schanskop toegestaan vir die oprigting van die replika-monument. So word gepoog om Suid-Afrika te bedank vir die bereidwilligheid om die trekkers terug te ontvang en hulle te help om selfversorgend te wees.

Finansiële ondersteuning vir die bouwerk van die monument sal waardeer word. Skakel Adie de Beer (012.6610851) of Pieter Pieterse (0835194820) □


## SENDINGWERK ONDER DIE MASAI

***Andre van Zyl** doen sending werk onder die Masai. Hy kom van die Kaap waar sy ouers woon. Hy het het 'n ongelooflike visie en beplan nog groot werk daar. Hier is 'n brief van hom.*

Liewe vriende.
Afrika het 'n vreemde manier om deel van 'n mens te word. Ek kom soms agter hoe baie van hierdie mense se sê goed en gewoontes ek aanleer sonder om eers hard te probeer!

Die teenoorgestelde is ook waar. Afrika word soms baie deur ons beïnvloed. Op 'n dag 'n paar maande gelede was ek besig om my Land Rover ("Boesman") se ruit skoon te maak terwyl

André van Zyl, sendeling onder die Masai



ek op pad was iewers heen. Met geen water naby om die stof van die ruit af te was nie, spoeg ek toe soveel op die stowwerige ruit as wat ek kon en vee dit af met 'n lap. Hoe sê hulle? 'n Boer maak 'n plan!

Die ander dag was ek besig om ou Boesman te pak en vra toe sommer vir Ole Siera of hy nie gou die ruite wil was nie. Ek het skaars omgedraai toe ek 'n vreeslike gesnork en 'n spoeg hoor! Skielik besef ek dat Ole Siera die dag by was toe ek die ruit met spoeg skoongemaak het. Met skok kyk ek hom toe aan hoe hy ruite skoonmaak nes hy my dit sien doen het maande gelede - en dit terwyl die tuinslang by sy voete lê!

### My Masai span... het baie visie...

Ek hoor en sien myself baie in my Masai vriende. Meer as ooit besef ek dat die inpak wat mens maak in mense se lewens nie is deur wat jy sê nie, maar in hoe jy dit sê en hoe jy dit leef.

Ons het so pas begin met ons 5de Dissipelskap skool. Die Here is getrou en dis altyd 'n vreugde om te sien hoe mense se lewens verander word deur Sy Waarheid. In Dissipelskap Skool het ons 7 studente - die meeste nie-Engels sprekend. Dit maak dinge baie moeiliker en meer van 'n uitdaging. My Masai span wat saam met my werk, het baie visie en dis goed om te sien hoe hulle God se stem vir hulle lewens gehoorsaamavid het begin om sewe Maasai krygers te leer lees en skryf. Hierdie sewe Moran (krygers) het ons genader om te vra of ons hulle dit kan leer. David was voorheen 'n voorskoolse onderwyser en nadat hy sy Dissipelskap Skool klaargemaak het, was hy seker dat dit is waarvoor die Here hom roep. Enigeen wat Maasai moran ken, sal dit baie vreemd vind om hierdie geharde manne in 'n klaskamer te sien met knopkieries en assegaaie en al! En dan nog boonop hulle te sien handopsteek en hande klap as een 'n vraag reg antwoord! David is 'n goeie leermeester en geduldig met sy klas. Die Maasai krygers het groot respek vir hom en hy het 'n oop deur om die Evangelie aan hulle te deel tewyl hy vir hulle stories uit die Maasai Bybel voorlees.

Saruni, my tolk en regterhand in die skool, het 'n hart vir sy mense. Hy het ook 'n visie om aan te gaan met die skool. Saruni se vrou verwag hulle eerste baba.

Bid asseblief vir die mense wat saam met my werk. Ek kan sien dat God besig is om 'n pad met hulle te stap. Bid dat die Here vir hulle die regte deure sal oopmaak en in hulle behoeftes sal voorsien. Baie seënwense!

***Andre.***

□

## NGARE NANYUKI 1924 -1939 - *CARL LANDGREBE*

**Travelling by** train from Mombasa, my family anxiously awaited the appearance of Mt Kilimanjaro - suddenly it appeared, a white cloud in the high heaven!

We arrived in Moshi Tanganyika territory and lodged in the hotel of Greek Bwana Tumbe. We reported to the police at the Boma, asking permission to buy land and to settle in the Northern District. I had to wait two days for the restrictions on German settlers to be revoked. Then Arnesen and Flemmer helped me to buy the land that had belonged to Piet Nieuwenhuizen at Ngare Nairobi. (In the Great War Piet had been a scout for the German

forces under General von Lettow-Vorbeck. After the English deported him at the end of the War, he returned to South Africa).

We hired a Tabera man - Abdallah - who with a team of 20 labourers and four hired lorries bore our belongings to Ngare Nairobi. There we took possession of Piet Nieuwenhuizen's old hartbees-house.

We were immediately attracted by the steppe which was enlivened by an abundance of game. High above all towered the dome of majestic Kibo, surrounded by dense forests; on the other hand, some 50km away, rose the pyramid of Mt Meru. Here we resolved to establish a lasting homestead for the family.

I had first come to German East Africa in 1910 and had founded a coffee plantation near Lake Duluti at Tengeru, South of Mt Meru. At the end of the Great War we were deported.



'n Boeregroep

We were on a very good footing with our Boer neighbours at Nburuma, as well as further afield at Oldenyu Sambu. Shortly after arriving in Ngare Nairobi I attended a cattle auction at Dengebesh on the Umbulu Highland, to buy 26 oxen. During this trek I visited the Boer settlement at Ngare Nanyuki. I also came to Kampfontein where in the War I had occupied a position guarding against Kenya scouts. Nearby I visited Jan Venter near the Ngare Nanyuki river. Fires had devastated much of the mountain forest, resulting in dwindling water run-off from the slopes of Mt Meru.

Near Tinga-Tinga swamp at the North Ngare Nairobi resided the family Visser - Nic with his sons Floris, Abram & Jan. They helped us by transporting supplies. Koos Malan had resided at Nduruma before the Great War and had ploughed my new farm at Tengeru. Now he lived at Sanya. He helped us with transport and also with complying with the requirements of the government. His little Ford motor-car was uniquely fitted with various wires to assist with timing, acceleration and gear-change. Koos was always pleasant company. His daughter Mimie was married to Dr Hennie Pieterse, the school-teacher at Ngare Nanyuki, who himself was a dedicated teacher and sportsman. Our family retained close ties of friendship with Oom Hennie and his family, as well as with many Boer families between Kibo and Meru.

## Koos Malan was always pleasant company...

Another character among them was Abel Pienaar. He made somewhat of a fortune by buying German farms from the custodian of enemy property, but in general made a living as a cattle farmer, quite unlike the German settlers who did not want to be named "farmers" but "planters". The Pienaars becoming famous because of their son Sangiro, who wrote *Uit oerwoud en vlakte*, describing the wonderful wildlife of our East African plains. Also at Abel's farm lived Heino Tripmacker (of German descent, but a South African citizen). He started a transport venture with Abram Visser, was joined by his brother Douglas, and the two started a coffee-plantation. Also the German Arthur Heye in 1926 resided with Oom Abel Pienaar. He and my father wrote of their remarkable ascent of Mt Meru.

In general terms we Landgrebes were on friendly terms with our Boer neighbours near and far. They had arrived in German East Africa after the second Boer War. Their homes in South Africa had been devastated and they were rather destitute. But although life was in no way easy for them, they were helpful in all circumstances. □

---

*Ons kry min pos van mense wat in die Kongo grootgeword het.* ***Koos Wolmarans*** *vul 'n leemte.*

# MIDDE-AFRIKA: 44 JAAR MINUS

**Koos Wolmarans – Hoedspruit (Limpopo)**

Ek het onlangs die voorreg gehad om oor die ewenaar te vlieg op pad London toe vir 'n besoek aan my twee dogters wat daar werk. Ons het van Johannesburg Internasionaal opgestyg die aand en so skuins voor middernag die ewenaar oorkruis in die rigting van Stanleyville (Kisangani). Verder oor die Sahara, Parys en toe London toe. Die roete na die ewenaar

Het Wolmarans – saam met Engelbrechts na Kongo vanaf Kenia – in 1960 weer na Kenia



was al langs die groot Mere.

**Middernag 30 Junie 2004 -**
presies 44 jaar na die dag van Uhuru in die Kongo. Dit is stil, net die fyn gedruis van die vleigtuigenjins. Jy verplaas jou gedagtes na daardie dag en wat voorafgegaan het gedurende ons verblyf in die Kongo. Sewe kilometers vanaf die ewenaar in die dorpie Lubero is ek en 'n paar ander Afrikanertjies gebore. Pa Dot en ma Santjie het vroeg in die eeu Suid Afrika verlaat saam met vriende en familie om hulle in midde-Afrika te vestig. Hulle was baie bekend ook in Kenia waar hulle eers gevestig was. Daarna het hulle verhuis na die destydse Belgiese Kongo. Hulle het familie vergesel daarheen - onder andere oom Koos en tant Anna Engelbrecht, oom San Kleynhans en twee seuns - Jan en Evert. In 'n klein dorpie noord het oom Bertie en tant Frieda van Dalen gewoon. Daar was ook Viljoens, Coetzees en andere.

Vir meer gesels het ons maar in Kenia gaan draai. My suster, Ena Nel, wat getroud was met Martin Nel, het in die Eldoret omgewing geboer. Ons het wonderlike tye daar deurgebring. Die ou mense het vriende en familie daar besoek en so het ons as kinders die Kenia-mense leer ken. Daar was heeltemal te veel om hier op te noem, Engelbrechts, Van Rensburgs, Enslins, vriende, familie en aangetroude familie. Spitbraaie oor 'n sloot, jag op 'n plaas of in die Masai. Ons het soveel wedervaringe gehad. Selfs die begraafplaas op Eldoret is besoek. Dan sou Pa of Ma verduidelik wie se graf dit is. Almal was aan hulle welbekend. Ek onthou dat ons in 1958 Pa se broer, oom Wolfie, ook daar begrawe het. Hy was 'n geliefde karakter - baie veelsydig en bekend - hetsy deur die Kerk, boerdery, as bestuurder van die KFA, of as afslaer onder die toesig van ou Rex Kirk.

Met die besoeke aan Kenia het ons ook Sondae kerkdienste bygewoon - hetsy Hervormd, NG of by die Doppers. Ons kerkverband in die Kongo was eintlik nie ter sake nie, want die predikers het ons telkemale besoek aan huis, van watter kerk hulle ook al was. Daar was hulle almal se dominee. Gewoonlik het so 'n besoek uitgeloop op 'n saamtrek. Afrikaners uit die Noorde het daarheen gekom vir die kuier.

> Skool in die Kongo was 'n nagmerrie-Afrikaans tuis en nou moet jy leer Frans praat.

Dienste is gehou, en as ek reg onthou, was Nagmaal ook bedien. Die kleineres, waaronder ek getel het, is in Eldoret gedoop deur ds Van Staden. Op hierdie manier was elke herder aan ons bekend, di Van Staden, Loots, Breytenbach en talle ander.

Skool in die Kongo was 'n nagmerrie as ek vandag daaroor nadink. Afrikaans tuis en nou moet jy leer Frans praat. Heel gou dit ook onder die knie gekry. Toe, Julie 1960, het ons na Kenia verhuis na Uhuru - 'n tydperk met gebeurtenisse wat by 'n kind altyd sal opkom: vlug, moord, doodslag - tipies oorlog. Ek sal 'n baie dik boek daaroor kan skryf, dalk as ek eendag oud is. En nou is dit Engelse skool toe – Hill School in Eldoret. Afrikaans kan jy nog skelm voer, maar Engels ken jy geen woord van nie. Gelukkig met die hulp van Mr Jones – 'n Kanadees - het ek ook hierdie situasie oorbrug. Ek kon in 'n kort tydjie met meer as net yes of no myself uitspreek.

1962 – die terugkeer van die Afrikaner uit Kenia na Suid-Afrika. Dit was ook 'n ongelooflike ervaring. Padlangs per motor, vragmotor of selfs per trekker soos oom Jaap Heine. Die Limpopo is deur iedereen oorkruis en daarvandaan is elkeen na 'n spesifieke bestemming, hetsy Transvaal, Kaap, Vrystaat of Natal.

Ons voorreg was om die eerste dag op Eloff te oornag, digby Delmas. Dit is ook daar waar ek ryp op die gras vir die eerste keer in my lewe gesien het: "Ma, iemand het witgoed op die gras gemors!" Toe is ek skool toe in Belfast. My naam is Koos, maar ek kan glad nie Afrikaans lees of skryf nie. Ek dink vir die onderwysers was dit nie te begrype nie. Dit ook oorbrug, en daarna is ek na die Heidelbergse Onderwyskollege. Na drie jaar het ek as pedagoog opgetree in die Laeveld - Tzaneen, Letsitele, Gravalotte en Mariepskop Laerskool digby Hoedspruit. Na nege jaar het ek ook begin boer in hierdie omgewing met uitvoer sitrus, mango's en Bonsmara stoetery. Vanaf 1997 woon ek en my gesin op Hoedspruit.

Van die Kongo mense is die ouer garde almal reeds oorlede. Kobus en Pop Engelbrecht het ook hier gewoon. Pop is ook hier begrawe. Van die Kenia mense is dit ek en my suster Ena Nel wat in die omgewing woon.

Ek wil graag hier eer bring aan God wat ons lewens so bestem het - die grootste dank aan Hom. Hy sal vir ewig Koning wees, jy jou ookal op aarde bevind.

Ere ook aan ons ouers en voorouers wat so ver moes gaan draai - hulle heldemoed en durf - voor hulle weer teruggekom het na hulle Vaderland. Ek glo van ons Noordelike mense is daar nie meer veel oor nie.

Gesondheid en geluk wil ek met julle deel saam met ons baie herineringe. Sy rykste seen vergesel julle almal. Hartelike groete.

**Koos Wolmarans.**
Posbus 31 Hoedspruit, 1380.
Tel 083 459 0526 □

## Keith Elliot to Danie Steyn, August 10, 2004

*Subject: Fw:* ***Kenya Regiment Association; September Luncheon***
*Tel. 8026054*
*Fax 0866799686*
*e-mail: keith@xsinet.co.za*
*Cellphone 0835448113.*
*06/08/2004*

**KENYA REGIMENT ASSOCIATION LUNCHEON; JOHANNESBURG.**

Our next Luncheon, which we hope will be a special one, will be held at the Inanda Club, on Sunday the 12th of September at 11.30 for 13.00 hours. The cost will be Rand Eighty per person. The menu will be - *Roast Leg of Lamb with peach halves and minted Hollandaise. Vegetables of the day. Fruit Salad and Ice-cream. Coffee.* The actual venue inside Inanda Club grounds, is a place called 'Chukka's"; and the Security folk at the gate will show you where to go. The Inanda Club is at, Number 1, Forrest Road, Inanda, Sandton. Now, why is it so special you may ask ? The reason is that the Big Re-Union in Durban starts the day after, and I have persuaded a number of Overseas Regiment Members to spend a night or two in Johannesburg so that they can meet you'all before they fly to Natal. A

number are staying at the Inanda Club itself, and this why I have suggested an 11.30 start, to give everyone a chance catch up on the good old days. At present I have the following confirmed attendees from Kenya, U.K. and Aus. Rusty Russell; John Davies;George McKnight and Christine Harte;Ted and Valerie Downer; Alan (Lanky) Martin; Brian and Anne Turner; Dennis and Jane Leete;Dave Lichtenstein. As they have all specially broken their journey to join us; your Committee asks for a good turnout in order not to let the side down! A number of you may have already replied to me, however could you please reply once more, as I don't want to miss anyone. Closing date for bookings with me will be Monday the 5th September. If you phone and get my answering machine; please leave the names of attendees, as we are making maradadi name tags so you will be able recognise comrades you may not have seen for fifty years.
Salaams, Keith.

**Friends of East Africa Committee / Oos-Afrika Vriendekomitee**

**Voorsitter:** Alex Boshoff, Bus 21 DERDEPOORTPARK 0035. Tel 012.8085353

**Ondervoorsitter:** Danie Steyn
Bus 17074 KLOOFSIG 0140
012.6645349.
Sel 0832716378.

**Redakteur:** Eddie de Waal.
Keeromstraat 628
HERCULES 0082
012.3792604.
e.h.dewaal@absamail.co.za
**Krige van Heerden**
0835578935
**Prof PG Nel**
Bus 421 NYLSTROOM 0510
(Zebrapark 14)
014.7172600
**Ds Piet Grobler** Bus 191 KOEDOESKOP, 0361



**Kenya Defence Force 1935**

**Donations for HABARI can be paid directly into the account of the OOS-AFRIKA VRIENDEKOMITEE, ABSA HERCULES 080 602 405. Donasies vir HABARI kan direk inbetaal word in die rekening van die OOS-AFRIKA VRIENDEKOMITEE 080 602 405, ABSA HERCULES.**

Die volgende is die eerste aflewering van 'n groter deel. As alles goed gaan, is daar volgende jaar nog een.

## Die herinneringe van my oupagrootjie, Johan Frederik (Piet) von Landsberg. Deel 1

In 1901, tydens die oorlog, kry ek die begeerte om Duits Oos-Afrika toe te trek. In 1902 breek die vrede aan. Maar in die oorlog is huise afgebrand, waens, karre, bome, alles verniel. Broer Nelie ken 'n skoolmeester - W van Bliemenburg. Ek vra hom om vir my na die Duitse Goewerneur in Dar-Es-Salaam te skryf en so word my vrae beantwoord. Nou kryek maats. Die plan wasom op 21 Augustus 1903 te trek.

Op 28 Julie 1903 word ons dogtertjie gebore: Maggel Maria. Ons het alles verkoop, en gewag vir my trekmaats, maar nie een het opgedaag nie. Toe wag ek vir die volgende jaar.

Op 21 Junie 1904 kom Jan de Beer en sy familie eers na my toe, en daarvandaan trek ons na my skoonvader, J P Joubert. Daar kom die ander maats toe by: Pieter van Dyk, vrou en 2 kinders; Jurgens Bekker, vrou en 6 kinders; Jan Venter, vrou en 7 kinders; my broer Cornelius von Landsberg, vrou en 3 kinders; Jan de Beer, vrou en 3 kinders, en ek, J F von Landsberg, vrou en 3 kinders; oom Piet Jacobs en sy seun, Piet; Wynand Pretorius en Daantjie van Wyk.

Ek het toe 'n afskeidsdiens by my ou skoonvader op Nooitgedacht gehou. Daar was 3 ouderlinge - Stoffel Prinsloo, Frederik Grove en Koos Prinsloo.

Ons klim op Brugspruit stasie op die trein en op 22 Junie 1904 kom ons op Delagoabaai. Daar ontmoet ons ander mense wat ook gaan om die land te besien. Hulle was Jan Viljoen, K Buckly en Paul Potgieter (hulle drie was maats); J Botha, F Snyman, Jan van Heerden, P Malan, F van Emmenis en A van Emmenis (hulle was maats) Daar het ons oom Jan Venter se groot tent opgeslaan. Die eerste aand het ons sommer op die strand deurgebring. Net die vroumense het 'n kamer gehad en Jan de Beer het by hulle geslaap.

Toe kom 'n Engelsman en sy vrou met 'n bottel drank en gee dit vir ons. Toe die vrouens daar kom, was hulle bang daar was slaapdrank in.

Ek was op Pretoria aangestel deur die Konsul as voorman en broer Nelie as Lager Kommandant. Op 28 Junie 1904 vertrek ons met die skip, Hertzog. Op Dar Es Salaam, toe die skip anker, kom die goewerneur om ons na sy huis te neem. Hy was baie vriendelik. Hy sê toe vir ons ons moet ons tyd neem en oor alles praat.

## Nie te lank nie, en ek voel siek...

Ons het van die Konsul uit Pretoria aanbevelingsbriewe gehad na die Konsul op Delagoabaai, en van hom weer na die Goewerneur, en van die Goewerneur na Tanga, waar meneer Meyer ons met alles moes help. Op Tanga was 'n groot huis vir ons reggemaak - waterketels, vuurmaakhout en ja, selfs 'n dominee - ds Englan, wat met ons saam die land intrek. Dieselfde aand gee die dominee ons elkeen 2 kinapille. Nie te lank nie en ek voel siek.

Ek loop om die huis en hier sit oom Jurgens Bekker met 'n lang gesig. Sy rou, tant Lenie, sê: "Ja, Pieter, oom Jurie het koors en dit sal 6 maande toe gaan." Dink tog wat het toe deur my gegaan, hierdie ou voormannetjie wat die trek lei en die trek lê nog voor. Ek bly stil en loop verder. Hier sit oom Jan Venter en sy vrou, Toni: "Ja, Pieter, ou Jan het koors." Toe besef ek daar is iets wat ons nie weet nie. Ons het 'n swartman gehuur wat Duits en Engels ken. Ek roep hom en sê hy moet die dominee gaan roep. Toe die dominee kom en die koorsmeter opsit, lag hy en sê dis die kina, en toe is alles oor. Ons moes elke 8 dae 4 pille drink. (Hulle was so groot ons het hulle *karwiele* genoem.) Dominee sê vir ons as ons die pille gereeld drink, sal ons nie koors kry nie.

Toe ons al ons goed gekoop het, vertrek ons met die trein na Tanga. Op 12 Julie kom ons op Knogwe aan, en die 13de laai ons af. Oom Jan Viljoen, K Buckly en Paul Potgieter gaan toe die land in, suidweswaarts. Die ander sewe mans gaan ook vooruit. Dit reën baie. Ons begin osse en esels koop vir 15 tot 30 rupees. Waens het ons die swartes laat trek. Ons het een trek versit, maar dit het moeilik gegaan met die osse en esels en die swartmense. Ons ken nie die taal nie. Nou sit ons tente op ons waens. Peut van Dyk het toe met my maats gemaak en ons toe toe 'n lang tent op. Hy kies die voorste part van die wae en ek die agterste. Hy is die drywer en ek die briekdraaier. Ons het 6 waens.

En daar kom ons toe op die 7 mans se wa se bak af. Hulle is met die ander stel vort, want dit was te swaar vir die 12 esels, en dit was nie ver nie, toe kry ons die ander stel ook. Daantjie van Wyk kry 'n brief van oom J Botha - ons moet die vroumense laat omdraai kus toe en die waens laat staan.

O maar die voortrekkervrouens het ons bygestaan soos in die ou tyd. En die mans is almal siek, maar deur die liefde en moed en krag van die Here druk ons voorwaarts. Ons was lief vir mekaar. Vir die moed en die krag dank ons die Here.

Ons is moddervleie deur. Die werkers breek kettings, die Duitsers is vir ons baie goed met 'n nuwe span swart werkers by elke nuwe uitspanplek en potte met water op dorsplekke. Oom Jan Venter se jongste dogtertjie is siek. Van agter af van een man ons op: T Botha. Hulle was drie mans wat kom kyk het; die ander twee was C du Plooy en E Weber. Laasgenoemde twee is terug. Oom Piet Jacobs is ook siek.

Op 17 Augustus sterf oom Jan Venter (Mokke) se dogtertjie - die eerste slagoffer. Die dag daarna kom ons op Moshe aan, en F van Emmenis, een van die 7 mans, sterf ook - die tweede slagoffer. Ons laat toe die waens en vroumense daar en gaan te voet verder. Daantjie van Wyk, oom Piet Jacobs, T Botha, A S de Beer en my broer Nelie bly by die vroumense.

## Ons koppe het gehang - ek moes mooipraat

Ons is toe Arusha toe waar ons die ander 6 mans kry. Hulle sê die land geval hulle nie. P Malan sê as hy nog 1 shilling het gaan hy terug so ver as wat die shilling hom bring.

Daar was 'n neerslagtigheid onder ons. Ons koppe het gehang. Oom Jan Venter (Mokke) sê toe vir oom Jan Bekker, sy swaer: "Dit is deur jou dat ek vandag hier is, en waar sal my dogters mans kry?" Ek moes mooipraat. Dit is so ver as wat ons gekom het - tot in die donker bosveld. So ver as wat die 6 mans gegaan het, was dit onbewoonbaar. Toe vra die 6 mans wat ons gaan doen. Wollie Pretorius sê hy gaan olifante skiet want hy het geen familie hier nie, en my naamgenoot, Piet van Dyk, sê: "Ek gaan ongesonde plekke soek en ook olifante skiet. En ek sê ek sal niks sê voor ek nie my bvroer Nelie gesien het nie, want ons twee was nog altyd geheg aan mekaar. Oom J Botha sê: "As julle hier bly, gaan ek my familie haal." Oom H Snyman sê: "Boet Hans, as jy my familie saambring, dan bly ek hier." Dis toe dat party weer moed skep. Ons is toe weer terug na die vroumense toe. Oom J Botha is te perd vooruit.

Ek het alles aan my broer meegedeel hoe neerslagtig die mans is. Toe ons die kamp inkom, sprei my broer die tent uit, waai met die hoed, skreeu voorwaardes en gebruik nog die woord "julle meide", want hy was ons lagerkommandant.

Toe ons van Moshe af vertrek, was die 6 spanne osse agtermekaar. Ons het gesukkel, maar aan God die dank, ons het manne van staal gehad.

Ons was maar 'n paar, want toe kom die ander 3 mans ook terug wat die land geval hulle ook nie. Paul Venter van oom Jan is sleg siek. Toe ons op Arusha kom, hoor ons van Paul Wolf en sy maat Brummer wat op een plaas woon aan die rivier, Ngare Matoni, en daar kry ons toe staanplek. Wolf was voor die oorlog 'n klerk op Middelburg, Transvaal, in Store Brothers se winkel. Na ons 'n paar dae op sy plaas was, is sy maat dood in die hospitaal - hy het homself per ongeluk met 'n haelgeweer geskiet.

Ons het toe een hartbeeshuisie gemaak.

Op 'n dag gaan 4 van ons - T Botha, Jan Bekker, Piet van Dyk en ek - 'n draai loop toe 'n klom wilde bokke voor ons verbyhardloop. My ou naamgenoot, Piet van Dyk, sit hulle agterna, en agter ons sien ek ook bokkies verbysnel. Ons 3 skiet, maar dit was reg terug, en ons hoor: "Julle het my geskiet!" Ons 3 hardloop so wat ons kan. Ek was voor. En daar lê my ou genant en hy roep: "Ek is lig gewond." Dit was vir ons 'n skok. Die koeël is deur die dik vleis van die hakskeen, en die been is

darem nie geraak nie. T Botha het 'n Kiereklapper geweer gehad. So het ons met Piet aangesukkel, maar hy kon nie loop nie. Ek, wat die vinnigste kon hardloop, moes kamp toe gaan en dit word laat. By die kamp gekom, vra Johanna: "Waar is my man?" Nee, hy het seergekry. Leser, ons was maar min en ons was soos broers en susters; ons het mekaar liefgehad. Ons het toe oom Frits Snyman se perd gestuur om Piet veilig in die kamp te bring. Die volgende môre het ons die dominee laat kom. Hy het die plek oopgesny, van die een gaatjie na die ander. Net 'n paar dae en Piet was weer op die been. Dank die Vader daarvoor, want as die wond 'n kwartduim laer was, was hy sy lewe lank kruppel.

Op 'n dag kom daar 'n man aangestap: A P Fouché. Hy was 'n wewenaar en 'n rebel uit die driejarige oorlog. Ons was bly, want ons was nou weer 'n man sterker. Ons het begin tuinmaak, maar ook begin rondgaan op soek na woonplek. A S de Beer, Paul Wolf en ek het na 'n plek gaan kyk - Rasarasa. Dit was egter nie groot genoeg vir ons nie. Daarop het Piet van Dyk, Wollie Pretorius en Jan Venter na die noordekant van die berg Meru gegaan. Hulle was twee dae weg en het 'n mooi streek ontdek - nie te groot nie, met watertjies wat uit die berg vloei. Stel u voor wat 'n blydskap. Ek het vir Wollie gesê as hulle iets moois ontdek, moet hulle met hulle aankoms na die kamp skote skiet. Hy skiet toe, en daar gaan agt van ons en Wollie - broer Nelie, A S de Beer, F Snyman, Jurie Bekker, T Botha, Daantjie van Wyk (Brit) en ek. O, toe ons die nek oorgaan en die kaal vlaktes sien, gaan ons harte oop van blydskap. Ja, aan die Vader al die eer. Ons het die grond en die watertjies afgekoop en toe lootjies getrek. Broer Nelie en ek trek toe nommer 1; A S de Beer en Piet van Dyk nommer 2; oom Jan Venter en oom Jurie Bekker nommer 3; die twee ongetroudes, T Botha en Daantjie van Wyk nommer 4; oom Piet Jacobs en sy seun nommer 5. Oom F Snyman het op Ngare Matoni grond geneem en later Piet van Dyk ook.

## Eerste sterftes, eerste geboorte, eerste huwelik

Op 21 November treur ons nog dat oom Piet Jacobs nog siek is. Ons het op oom Jan Venter se grond saamgetrek en daar gekamp. Toe kom die landmeter, Abel, om ons grond te meet. My plaas is die eerste gemeet en sy naam was Jacominna - dit was my skoonvader se begeerte. A S de Beer se plaas se naam was Weltevreede; oom Jan Venter s'n Kampfontein; Jurie Bekker s'n Aandblom; broer Nelie s'n Welgemoed; en oom Piet Jacobs en sy seun s'n Vrisgewaag. Piet van Dyk se plaas se naam is Renosterhoek en oom J Botha se plaas is Uitkyk.

Dit was die eerste plase wat gemeet was in Duits Oos-Afrika, alles verniet.

Hier het weer mense ingetrek: oom L Alberts, sy vrou, 2 kinders en sy skoonvader, oom Pieta Muller; bietjie later ook J Botha met oom F Snyman se familie; twee broers, Hendrik en Fanie Emmenis; J Legrange; Bloom ('n Jood)

Op 26 Desember 1904 op Kampfontein is oom Jan Venter en tant Toni se dogtertjie gebore - die eerste van ons oortrek. Die dag het aangebreek.

Op 9 Maart het ons uitmekaargetrek, elkeen na sy plaas. Tot hiertoe was ons soos een familie.

Oom Piet Jacobs was egter nog siek. Dit het toegeneem, en op 26 April sterf hy, die oudste onder ons. Ons voel dit erg, want ons is min. Oom Piet se laaste woorde was nadat ek vir hom Psalm 103 - *Locf die Here, die genadige en barmhartige God!* gelees het en Gesang 4 gesing het. Die laaste het hy self opgegee. Hy het gesê: "Skryf aan my vrou sy moet kom, maar ek is jammer ek het my siekte so weggesteek." "Ja," sê oom Piet, "ek het my Here gekry." Toe het ek vir die oom 'n gebed gedoen en sy hande saamgevat. Hy het sy laaste asem uitgeblaas, so sag soos 'n lam. Toe die ou oom by my kom aansluit het, het hy vir my gesê: "Genant, ons twee moet getrou wees: ek moet jou oge toedruk of jy moet myne toedruk." Dit het gebeur. Ek het syne toegedruk, sag uitgegaan. Ons voel dit.

Op 28 April het ons oom Piet begrawe. Oom Hans Botha was koster. Ja, die ou Voortrekkers se grafte lê rond en bont in Afrika.

'n Paar dae later, hier kom oom Jan Venter (Mokke) en sê: "Pieter, my dogter Nellie wil gaan trou met Andries Fourie."

"Ja, Oom, dit is goed. Daar het Oom se dogter al 'n man nadat Oom 'n tyd terug gesê het: 'Waar sal my dogters mans kry?'"

"Maar, Pieter, die Duitsers wil en kan hulle nie trou nie. Hier is geen siviele regering nie, net 'n militêre een."

Ek stem toe in om hulle te trou ens kryf vir oom Hans Botha om te kom dat ons vir Andries Fourie en Nellie Venter kan trou.

16 Mei 1905 en hier kom oom Hans en ek met ons beste klere aan. Die oumense het ewe plegtig sitplek ingeneem en oom Hans en ek sit by 'n tafel. Ons het die bruid en bruidegom vorentoe laat kom en oom Hans en oom Jan vra of ek dit op my neem. Ek sê toe ja. Oom Hans vra die bruidegom of hy 'n wewenaar of 'n jonkman is, waarna hy antwoord: "Wewenaar." Vir die bruid word gevra: "Jongnooi of weduwee?" waarop sy antwoord: "Jongnooi." So is alles sorgvuldig opgeteken. Toe alles klaar was, het ons dit laat onderteken deur van die oues as getuies, en so is die plegtigheid afgedaan. Die kinders het gespeel en ons het skyfgeskiet, want die eerste paar van ons voortrekkers het getrou. Ons voel net in ons skik, want nou is oom Jan Venter tevrede.

---

## LENA LEEF EN LAG MET LUS

Ons was onlangs erg gestres toe 'n onbevestigde doodsberig van 'n geliefde voormalige buurvrou in Kenia ons bereik het. Ons wou toe van ds Piet verneem of hy met die persoon se afsterwe die nodige gedoen het, maar ongelukkig kon hy nie bereik word nie.

My vrou stel toe voor dat ek die betrokke persoon se nommer skakel.

So het die telefoongesprek toe verloop:

A: Hullo Lena wat praat.

*V: Is dit Lena gebore van Rensburg?*

A: Ja, Janse van Rensburg

V: *Enigste dogter van wyle oom Gert en Tant Lena wat op Ainabkoi geboer het en lekker geld gemaak het uit Pyrethrum?*

A: Ja maar wie praat nou?

*V: Wat op Bloemhof op skool was?*

A: Ja maar Bloemhof die "posh"

Meisiesskool op Stellenbosch, nie die godverlate een aan die Vaalrivier nie! Maar wie praat nou?

*V: En suster van wyle Hennie en Adam wat ook daar in daardie Mau Mau nes omgewing geboer het?*

A: Ja dis reg.

*V: Is dit jy wat kort na die oorlog in die huwelik getree het met Willem van oom Bokkie? - van wie daar gepraat was as 'n sterke donner toe hy vir Oos-Afrika in die voorry gesak het?*

A: Ja maar wie de h-- praat nou?

*V: Was julle se troue 'n dubbele een saam met Klein Boet van Staden en Corrie ook van oom Bokkie? En was julle onthaal in die Dingaansfees saal op Plateau en was daar etlike bottels soet Rooi Muskadel op die onthaal bedien wat agterna sommige ouens van die Hervormde Gemeente liederlik die hel in gemaak het?*

A: Ja, ja, maar nou nie 'n woord verder as ek nie weet met wie ek praat nie?

*V: Asseblief nog net dit want dit is vir my belangrik om bo alle twyfel seker te maak dat ek met die selfde Lena praat as wat ek in gedagte gehad het. Was jou oorlede moeder 'n nooi Barnard?*

A: Ja sy was.

*V: Was Willem se strooijonker nie ook 'n Barnard nie en het die genoemde strooijonker nie meer van daardie muskadel gedrink as enige van die ander gaste nie?*

A: Gert jou bokker. Ek kan nie begryp waarom Anna van oom Anaak Cloete jou nie lankal verwilder het nie!

Baie dankie vir die bel. Dit was vir ons 'n besondere voorreg om met oom Gert en oom Bokkie goed bevriend te kon wees. Oom Bokkie sal veral onthou word vir die prominente wyse waarop hy by begrafnisse opgetree het en waar hy gereeld opgedaag het in sy ouderlingsmanel, waarvan die knope en die knoopsgate nie meer bymekaar kon uitkom nie. (Sy vrou, tant Ralie, het tog so lekker kos gekook.) Hy het as't ware 'n soort van 'n alleenmandaat gehad om 'n troos rede by die graf te lewer. Soms het hy manalleen die verrigting waargeneem wanneer die gemeente vakant was, of die Dominie miskien elders was om fotografie te beoefen en nie bereik kon word nie (geen sel destyds).

Hou stil!
Hou stil!
Hy het
die verkeerde
tand
getrek!

Van oom Gert onthou ons die stukkie geskiedenis toe hy saam met ander boere op die goudveld van Kakamega was, gedurende die vroeë dertigerjare, om goud te soek, en hoe hy verskriklike tandpyn gekry het wat glad nie wou reageer nie op die rewone rate van pypolie of pruimtwak-spu - nog minder op oom Jan le Roux se bespeek (exorcize), waarmee hy dikwels sukses behaal het met steek in die oor by kinders. Dit was swaar depressiejare en voertuie was maar gebrekkig. Die tjor van Okie Storm was die beste van die lot en daarin val hy een oggend douvoordag in die pad Kagameka toe met oom Gert en twee fris Boshoff broers, Koos en Faan, om te stoot waar daar vasgeval word op die lang, slegte pad na 'n dokter wat buitendien nie baie bedrewe was in die tannetrekkuns nie. Dit was glo'n groot gedoente. Oom Gert was tot die uiterste toe gemartel terwyl die gebroeder Boshoffs hom vasgehou het ingeval hy sou besluit om handdoek in te gooi en met ongedane take terug te keer kamp toe. Uiteindelik kon hulle darem die lang swaar pad terug kamp toe weer aanpak. Oom Gert kreun van geweldige pyn en die bloeding wil nie bedaar nie. Dit word donker, hulle verdwaal, maar uiteindelik merk hulle die kampvure teen die bult. Vol vreugde sien hulle uit na die heerlike maal van wildsvleis, stampmielies en pampoen wat op hulle wag. Maar toe draai die vreugde gat-oor-kop, want die liewe oom gee 'n noodkreet vanaf die agterste sitplek: "Hou stil! Hou stil! Hy het die verkeerde tand getrek!" Gelukkig - so blyk dit die volgende oggend - het die dokter wel die seer tand onderhande gehad en los- gewikkel, voordat hy (nadat hy 'n wyle asem geskep het) die verkeerde een uitgepluk het. Oom Jan le Roux kon dus sonder moeite die taak afhandel.

Ons moet tog nie dat sulke insidente van daardie dae vergete raak nie.

Het Jan Boshoff al vertel van hoe 'n krokodil, soos die Kakies van ouds, hom water toe gesleep het, tydens daardie safari toe hy die onderwyseresse uitgeneeem het? Sal iemand asseblief vertel van die "Talk of the town" Enslin broers? Hulle was mos vol pret, daardie ouens. Ook sal dit wonderlik wees om staaltjies te kry van grootwildjagters soos Soon en Niclaas Snyman - en wat van daardie kleurvolle Prinsloos? Dan kan daar seker nou ook maar melding gemaak word van die destyse veelbesproke Ouderlingsbar net daar onderkant Juma Haji se winkel. Ek meld graag dat broer Fanie, nou 92, nog fris en gesond is daar op George. Hy oorweeg dit sterk om terug te gaan na sy plaas in die distrik om voort te gaan met sy Aberdeen Angus boerdery.

Dit is seker bekend dat die goeie vriend van baie Kaburus, Rex Kirk (92) ook onlangs daar in George oorlede is.

Gert en Anna Barnard
Somerset Wes.
Tel 021 8513067
email;- **gertbar@mweb.co.za**

---

*Rhena Dry
Posbus 12556
Nelspruit
1200*

*Beste Vriende,*

*Ek rig 'n versoek namens 'n vriendin van my.*

*Susan Bosman wil baie graag kontak maak en wil weet of iemand haar kan help. Sy wil weet waar Annetjie van Rensburg (nooiens-van) haar bevind. Susan is getroud met Danie de Bruin. Annetjie het hulle aan mekaar voorgestel. Danie was saam met Annetjie se broer op Brits Hoërskool 1960- 61.*

*Danie & Susan se posadres is*

*D. De Bruin
Posbus 15063
West Acres
1200.*

*Kwaheri*

***Rhena Dry***

## Goue Bruilof

Ben en Alida Steenkamp, bekende inwoners van Marble Hall, het op 10 April hul 50ste troudag herdenk. Ben en Alida is 50 gelede in Eldoret getroud, in die Vergenoeg Gemeente. Alida se pa het op die hooglande van Kenia met koring en beeste geboer. Ben het in 1951 vanaf Witbank na Kenia verhuis en was een van Alida se pa se voormanne. Op 10 April is hy en sy werkgewer se mooi dogter getroud. Ben besit later sy eie plaas en boer tot 1975 in die hooglande. Hulle verhuis na die ou Transvaal waar Ben lank werk vir Asgrow, 'n saadmaatskappy, voordat hy aftree en hulle hulle permanent op Marble Hall vestig.

Joggie Botha skoonseun van Ben en Alida is oorlede 17 Junie na 'n kort siekte. Sy vrou Sarie boer nog voort op die plaas.

## OOM JAAP ENGELBRECHT

Nog een van ons Oos-Afrika vriende wie se spore diep lê in Kenia, was oom Jaap Engelbrecht, of JH, soos hy ook onder baie van sy vriende bekend was. Hy was in 1886 gebore op Trichardt naby Bethal in die Oos Transvaal en het as Penkop deelgeneem aan die Tweede Vryheidsoorlog en meesal in die Waterberge geveg totdat hy kort voor die einde van die oorlog gevange geneem is en naby die Sesmylspruit geinterneer was.

Na die oorlog het hy in 'n slaghuis gewerk in Warmbad. Sy pa-hulle het vanaf Trichardt na Warmbad toe getrek. Na 'n jaar of wat se gesukkel onder die haglike ekonomiese omstandighede van destyds, het die begeerte om die res van wêreld te sien hom beet gepak. Hy en 'n vriend, ene Jim de Villiers, het hulle pad gevind na Maputu (Lourenzo Marques) en daar op 'n skip geklim op pad Mombasa toe. Dit was hier om en by 1902. Op Mombasa aangekom, was hy en sy maat haastig om aan wal te gaan. Aangesien daar destyds geen vasmeergeriewe was nie, het hulle besluit om land toe te swem. Daarvandaan is hulle met die trein tot in Nairobi, wat toe nog die eindpunt van die spoorlyn was.

Aan die begin van die twintigste eeu het Nairobi bestaan uit 'n paar spoorweggeboue en 'n paar *wattle 'n daub* huisies met sinkdakke. Daarvandaan is die twee te voet die onbekende in, na plekke waar geen blanke al ooit was nie. Hy het vertel dat hulle in die Kedongvallei op 'n plek afgekom waar menslike kopbene gesaai gelê het in die veld - 'n gevolg van die onderlinge struwelinge van inwoners van die land (waarskynlik die oorblyfsels van 'n Masai-versus- Kikuyu konflik). Hulle het deur die Skeurvallei geloop, verby waar Nakuru vandag is, tot op die Uasin Gishu Plato. Een van hulle kampplekke was op die walle van die Sosiani rivier. Toe het hy nog nie geweet dat dit later sy plaas, Stella Villa, sou wees nie.

Vanaf die Uasin Gishu het hulle weswaarts geloop en hulle draai gemaak waar Kisii vandag is. Toe is hulle terug na Nairobi en daarvandaan per spoor na Mombasa. Daar het hulle weer op 'n skip geklim terug na Lourenzo Marques. Terug in die Transvaal het die mense van hulle staptog deur Kenia gehoor en verneem van die pragtige wêreld wat ongerep gelê en wag om ontwikkel te word.

**Die twee is te voet die onbekende in...**

Aangesien baie Boere uit Suid-Afrika wou trek om ekonomiese en politieke redes, het oom Jaap-hulle se gunstige verslag hulle nog verder aangespoor om te trek. So het die bekende Van Rensburg trek in 1908 in Kenia aangekom, onder aanmoediging van die Britse regering wat die land wou ontwikkel. (Die Britte het eers die Uasin Gishu aan die Jode vir besetting gebied, maar dié het geweier. Daarna is die Suid-Afrikaners genader om die streek te beset).

Oom Jaap en sy vriend, Jim de Villiers, het toe besluit om na Kenia te verhuis. Hulle het op dieselfde boot geklim as die Van Rensburg trek maar was nie deel daarvan nie. My moeder, Florence Bouwer (nooiensvan Emslie) het vir my vertel dat sy nog 'n dogtertjie van drie jaar oud was toe haar ouers, my oupa en ouma Emslie, besluit het om te verhuis en deel te wees van die Van Rensburg trek.

Oom Jaap was toe 'n jong man van twintig. Toe hulle op Mombasa afklim, het hy en sy maat vooruitgegaan - want hulle was nie deel van die trek nie - en per spoor tot in Nairobi gereis. Hulle het dus nie ontbeer wat die Trek moes ontbeer nie. In Nairobi aan het hy die geleentheid gesien om 'n vervoerbesigheid te begin. Hy het 'n kontrak met die owerhede gesluit om hulle pos en ander goedere te vervoer na die "Northern Frontier". Hy het ook passasiers vervoer. Sy staanplek was Nyeri. Daarvandaan het hulle gependel tussen Nairobi en Isiolo ('n buitepos van die Kenia Protektoraat owerhede).

Nie alleen het hy 'n vervoerbesigheid bedryf nie. Hy was ook 'n kranige skut en grootwild jagter. In 1925 het hy die voorreg gehad om die Hertog en Hertogin van York op 'n drie weke Safari in die Northern Frontier te neem. Die Hertog van York sou later Koning George VI van Engeland word.

Tydens sy verblyf in Nyeri het hy interessante en bekende mense leer ken en met baie van hulle bevriend geraak - mense soos die bekende Amerikaanse skrywers en avonturiers, Martin en Osa Johnson. Hulle het hy op safari geneem het om wild te verfilm.

Nadat die owerhede hulle eie vervoer begin doen het en die besigheid in Nyeri nie meer so lonend was nie het hy die plaas Stella Villa in Eldoret gekoop. Hy en tant Sarah het hulle daar gevestig en geboer. Op Eldoret het hy hom nie net beperk tot boerdery nie - hy het ook 'n kontrak beding met die Munisipaliteit om die Eldoret lokasie te bou. Sy talent as skut het hy gebruik om Kenia Polisielede op te lei in die skietkuns. Hy het ook 'n leidende rol gespeel in die plaaslike skietklub en baie pryse gewen.

Hy en tant Sarah het in die jare 50 na Suid-Afrika verhuis. Hulle het eers in Nylstroom gewoon; later op Warmbad. Daar het hy gebly totdat sy gesondheid so versleg het dat Sarah, hulle dogter, hulle gaan haal het om by ons op Groblersdal te bly. Kort daarna is hy daar oorlede. Hy is op Groblersdal begrawe. □

## VAN DIE NUWE GESLAG...

**Suzette (Blanche) Diedericks skryf**

Ek is van die "nuwe"geslag, dit wil sê ek is in Kenia gebore en het nie daarheen verhuis soos my ouers, Piet en Joey Blanche, nie. My onthou is dus die van 'n kind vir wie alles normaal was en ek het dus alles as vanselfsprekend aanvaar.

Ons het op Danie Bosman se plaas gewerk. Die kinders was Koba en Petrie Bosman. Hulle ma was tannie Susie en halfbroers was John Bosman en Hendrik van Deventer.

Toe ek nog klein was en nog nie op skool nie, het ons op Kitale op mnr Guy Nattle se plaas gewoon waar my pa die plaasbestuurder was. Die swartmense het hom Bwana Chai genoem (omdat hy so baie gedrink het). Sy vrou se naam was Hilda. Dit was 'n wonderlike plaas vir 'n kind om op te bly Ons het heerlik op die klipbanke en in die waterpoele gespeel. Ons was van geen gevaar bewus nie en het orals op die plaas rondgeloop.

Ons het soms na die dam toe gegaan bo-op die berg. Daar het ons in die sinkbad op die dam gery. Dit het as 'n bootjie gedien. Eendag het sus Rina takkies van die kant af in die water gegooi en saam ingeval. Ek het sommer ingespring om haar uit te haal, sonder om te dink - die dam was baie diep en ek kon nie swem nie. My pa moes toe inspring en ons albei kom uithaal - dit was 'n nare ondervinding. Ons naaste poskantoor was Endebess, waar die naaste winkel ook was, een wat 'n Indiër besit het.


Soms het ons by oom DV (De Villiers) gaan kuier. Hy het hoog teen Elgonberg gebly en ons het dus met die pad al kronkelend teen die berg opgery. Dit was pragtig - die hoë bome wat teen mekaar gegroei het en die mos wat so afgehang het soos ou ooms se lang baarde. Wanneer daar 'n opening tussen die bome was, het 'n mens afgekyk na die plaas daar onder.

> My pa was baie lief daarvoor om ons kinders bewus te maak van die omgewing.

Wanneer die koffiebone ryp was, kon mens die "rooi en groen" bome sien. Die ryp koffie was ook heerlik om te eet.

My pa was baie lief daarvoor om ons kinders bewus te maak van die omgewing. Wanneer ons dus so gery het, en daar was iets spesiaal langs die pad, sou my pa stilhou en vir ons uitwys waar ons huis staan en waar die koffiebome staan en waar berg Kenia in die verte lê. Dit was wonderlik. Oom DV het baie uie geplant - sulke ekstra grotes wat hy by die kooperasie gekoop het.

Oom DV se huis het tussen die bome gestaan. As ek reg onthou, was dit seker so 'n akker of twee wat skoongemaak en met gras beplant was, asook pragtige blomme. In die middel van die grasperk was 'n visdam vol waterlelies waarin 'n beeld gestaan het van 'n dogtertjie wat afkyk in die water. Dit was die wonderlikste kuierplek. Omdat die bome so hoog was en so dig om die huis gestaan het, het dit gevoel asof ons die al mense op die hele wêreld is wanneer ons daar was. Die stilte en grootsheid was ondenkbaar. Wat ek nie nou sal gee om nou daar langs die visdam te kon sit en al die stres en misdaad hier om my te vergeet nie - net bewus te wees van die Almag van God hier om my en in die stilte en gesuis van die bome bewus te wees van sy Alomteenwoordigheid!



**Hill School**: Juniorside classes before the Jacaranda stalks at the foreground grew into 30ft trees. (Uit www.geocities.com)


Ons het later na Eldoret getrek. Ons het op die Kiepkarren pad uit gebly - baie na aan die Nandi reservaat. Ons kinders was toe al groter. Soms het Ma ons gestuur om vir Pa kos te neem wanneer hy ploeg. Dan het sy die bord toegemaak met nog 'n bord wat sy onderstebo bo-op neersit en dan met die vatdoek toebind dat dit 'n knoop bo maak waaraan ons die baorde kan dra soos 'n mandjie. Een kind het dan die kos gedra en die ander een die bottel tee. Ons het myle ver agter die trekker se gedreun aangeloop (so het dit gevoel) tussen die lang gras, en kon soms nie bo-oor die gras sien nie, so lank was dit. Wanneer ons dan by Pa uitkom, het hy altyd gesê: "Aaa! Dit lyk lekker!" en onder 'n boom gaan sit en eet. Soms kon ons kinders dan saamry op die trekker en daar rondspeel tot laat wanneer Pa huis toe ry. Eendag het Johan verdwaal tussen die mielies. Ons het lank na hom gesoek.

Hoe wens ek nie dat my kinders so kon grootword nie. Ons het baie gaan piekniek hou en in die berge rondgestap. Pa was baie lief daarvoor om vir ons rotsformasies en soorte plantegroei uit te wys. Wanneer ons langs die rivier gepiekniek het, het ons die bottels met slaai en jellie in die rivierwater gesit om koud te bly.

1957 - Op hierdie tydstip in my lewe moes ek skool toe gaan. Ek is toe Van Riebeeck Skool toe op Thomson's Falls. Dit was vir my baie erg om van die huis af weg te gaan. Ek was egter so beïndruk met my Sub A juffrou dat ek besluit het om ook een te word.

Gideon en Henkie van Staden was ook daar op skool, asook Dries en Pieter Fourie. Oom Andries van Staden het ons gewoonlik koshuis toe geneem. My broer Johan is ook later saam skool toe.

Die aanpassing in die koshuis was baie moeilik en ek het baie gehuil. Hasie Fouché moes my



**Tannie Grigat**

lang hare vleg en sy was vir my die wonderlikste mens om na op te sien. Sy het my ook gehelp om briewe huis toe te skryf. Ek onthou ook vir Winnie Bouwer wat pragtig blomme kon rangskik. Ek onthou nog die kappertjies in die plat koperbak wat so mooi gelyk het. Dan was daar 'n ander meisie - ek onthou haar net as Meisie - sy het altyd haar wange gestryk met 'n strykyster sodat dit moet lyk asof sy mooi rooi wange het. Dan onthou ek vir Kotie van Rensburg asook Marie van Deventer - sy was baie kwaai met ons kleintjies. (Hierdie meisies was prefekte.)

Ek onthou vir tant Anna Beyers wat ons kele pers geverf het met 'n verfkwas as ons keelseer gehad het. Sy was die koshuismoeder.

My vriendinne wat ek onthou, was Petro van Blerk en Sannie en Willie Steyn, asook Erna van Lansberg. Ek was ook maats met Jannie Smit en Jannie van Rensburg.

Sondae het ons in lang rye kerk toe geloop, almal in wit rokke geklee. Party Saterdagaande het ons volkspele gespeel in die eetsaal en soms was daar 'n fliek of speletjies.

"Uitnaweke" het ek by oom Jan en tannie Sarah Terblanche gaan kuier op Ol'Kalou. My neef Willie Blanche het ons by die skool kom haal en dit was heerlik. Hy het ons allerhande speletjies op die pad laat speel soos om die ander karre se nommers se syfers op te tel. Hy het ook vir ons baie stories vertel terwyl ons gery het.

In die Hill School het ons tot vieruur skoolgegaan

Op die plaas langs oom Jan het Abie, Dirkie en Nelie von Lansberg gebly. Ek en Johan het baie daar gaan speel. Dit was heerlik op oom Jan se plaas. Ons het heerlik op die koringsakke in die stoor rondgeklouter. Dit was ook lekker om op die stroper rond te ry.

Ons niggie Juliana se troue was vir ons 'n hoogtepunt. Juliana was vir my die mooiste meisie in die hele wêreld en wanneer sy saans gaan dans het, het sy kant aandrokke gedra wat met blinkertjies versier was.

Ronnie, John en Piet is ons ander neefs wat ons net so bewonder het, want hulle was heelwat ouer as ons en hulle kon baie goed Engels praat. John het vir Johan gewys hoe om 'n stoomenjin te bou waarop Johan baie trots was. Piet het graag geloop en voëls skiet met my en Johan al agterna. Ons het dan die dooie voëls opgetel, hulle vlerke afgesny en gespalk om droog te word - en sodoende te bewaar. Miskien was ons ook maar vir hom 'n irritasie.

Joan was tannie Sarah se peetkind en sy het baie partygetrek vir hom. Mnr Jacques Loots se vrou het op 'n dag gedink sy doen goed en Johan se hare gesny. Ons is die naweek net daarna na oom Jan-hulle vir die uitnaweek en tannie Sarah wou toe weet wie die haarsnywerk gedoen het. Sy was nie bietjie kwaad nie toe sy hoor iemand anders het dit gedoen. Sy sê toe vir Johan: "Sê vir daardie rooikop sy vat nie weer aan jou hare nie; ek sal dit doen as ek dink dit kort 'n sny."

Omdat die Valle skool so ver van ons huis af was, het my pa ons uitgehaal en in Eldoret in die skool gesit. Dit was 'n Engelse skool. Ons was verbied om Afrikaans te praat, hoewel die meeste kinders Afrikaanssprekend was. Indien die prefekte ons sou vang dat ons Afrikaans praat, moes ons na die hoof gaan - Mr Bramley - waar ons die "tekkie" sou kry. Mrs Finnetey het 'n nagapie gehad en dit was alte lekker om in die middag vir die nagapie sprinkane te vang en dan met lekkers beloon te word. Ek onthou Miss McDonald in wie se klas ek was.

In die Hill School het ons tot vieruur skoolgegaan. Smiddae het ons sport gehad en een van die verpligte aktiwiteite was swem. Dit was verskriklik, want ons koppe is deur die onderwyseres onder die water gedruk vir 'n minuut - wat vir ons soos ure gevoel het. Ons moes blykbaar leer om ons asem op te hou, dis al wat ek kan dink. Nou nog as ek swembadwater ruik, dink ek daaraan.

Gedurende hierdie tyd in my lewe het ek vir Maryna Korff leer ken en ons het groot maats geword. Ons kontak mekaar nog gereeld.

Sommige Saterdagaande het ons gaan fliek kyk in oom Gert en tant Lettie Korff se huis. By ons aankoms het al die vrouens in die sitkamer gesit en gesels terwyl tant Lettie Maryna se lang hare kam en vleg. Daarna het ons sop en toebroodjies geëet, en dan het

die Cowboyfliek aan die beurt gekom.

Ons het saam met tant Lettie terug skool toe gery in haar vaal Peugeot. Hulle het 'n African Grey papegaai gehad wat goed kon praat. Hy het gedurig Maryna geroep wanneer ons gespeel het - presies nes haar ma: "Meidjieeeeee..." Dan het Maryna teruggehardloop huis toe net om uit te vind dis Kizuku wat roep.

Party middae het my ma ons na die Calverts se plaas gestuur om te gaan melk koop. Ons was groot maats met Felicity (ek wonder tog wat het van haar geword). Sy het 'n hele paar broers gehad en dit was vir ons baie snaaks dat hulle teen uit glase drink en nie uit koppies soos ons nie.

Dit was vir tant Kinnie niks om Eldoret toe te stap nie - so ongeveer vyf myl.

Op die plase langs ons het tant Kinnie de Jager gewoon, asook haar seun Chris en sy Poolse vrou, Mary. Sy was 'n kort vroutjie en oom Chris was baie lank - Bwana Footie Saba. Tant Mary het oom Chris eendag agter die deur ingewag en hom oor die kop geslaan omdat sy vir hom kwaad was. Tant Kinnie was baie kwaai, volgens ons kinders. Sy het altyd met 'n kierie geloop en raas waar sy kom. Eendag het my ma ons kinders na haar gestuur, en toe gee sy vir ons tee en koekies. Ek het so ewe die koekie in die tee gedruk - wat 'n vreeslike ding om te doen. Ek het so raas gekry by tant Kinnie oor goeie maniere dat ek tot vandag toe nog onthou van die koekie en die tee. Dit was vir tant Kinnie niks om Eldoret toe te stap nie - so ongeveer vyf myl.

Op 'n keer het ons saam met oom Jan en sy gesin op safari gegaan - na Buffalo Springs. Daar het die neefs visgevang en gejag. My ma en tannie Sarah het die vis gaargemaak. Volgens my onthou was dit bakke en bakke vis en ons kinders moes dit eet. Daardie grate het my 'n ewige renons in vis gegee. Een aand was daar 'n wolf in ons tentkompleks en die ander aand weer 'n leeu. Van die biltong was weg en daar was spore oral in die tent rond. Daar was 'n lieflike swemgat so tussen die klippe waar ons heerlik geswem het in die louwarm water saam met die waterskilpaaie. Wat 'n wonderlike tyd in 'n kind se lewe.

In die Hill School het ons elke jaar sport gehad. Die verskillende huise het teen mekaar meegeding. Ons het ook Guy Fawkes aande gehou, met 'n regte brandstapel wat 'n semelpop bo-op gehad het.

Ons kinders het altyd heerlik op die plaas rondgehardloop en in die rivier gespeel. Daar was ook baie bome met "brand-my-keeltjie" vruggies aan, asook die num-num bome se vruggies wat ons so graag geëet het.

1960 - Ons het begin om so stadigaan reg te maak om Unie toe te kom. Eers het ons in tannie Grigat se huis op die dorp gaan bly. My ouers het die vis- en skyfiewinkel op die dorp gekoop en bedryf. Ons het toe elke dag skool toe geloop. Ons het nie boeke skool toe gedra nie, net 'n tassie met kos vir middagete.

Die was in hierdie tyd dat my pa en die Taljaards besluit het om krokodille in die Skeurvallei te gaan skiet. My pa het 'n ou Dodge lorrie gekoop, 'n dubbelbed daarin gebou vir ons kinders om op te slaap, en alles is gereed gemaak vir die tog meer toe. Ons moes ook gedurende die droë seisoen gaan, want as die reën kom, sou ons nie maklik weer die berg kon uit nie en sou dan daar moes bly tot die reën ophou. Ons kinders was vreeslik opgewonde, want dit het wonderlik geklink. Uiteindelik het die dag aangebreek waarop ons toe op ons tog is. Die berg af was pragtig - op 'n plek het ons gestop en afgekyk tot daar onder in die Skeurvallei. Die mans het hulle hoede afgegooi en die wind het dit weer teruggewaai. Die pad was baie nou en die draaie ontsettend skerp. My pa het so halfpad gedraai, dan moes hy terugstoot - ons moes kyk dat hy nie te ver gaan nie - en weer draai. Ons dogters het partykeer so geskree dat my pa ons beveel het om uit te klim en solank aan te stap sodat ons nie kan sien hoe hy draai nie.

Die mans het hulle hoede afgegooi en die wind het dit weer terug-gewaai.

Toe ons onder kom, het ons gery tot by die mere. Daar het ons kamp opgeslaan. Saans het die mans met die bootjie uitgevaar en krokodille gaan skiet. Die volgende oggend is die krokodille se pensvelle uitgeslag, sout gegooi en toegerol. Die velle is verkoop (as ek reg onthou) 1 sjieling per duim, wat blykbaar baie goed was.

In die middag het my pa ons in die boot uitgevat om te gaan bad. Ons het uitgetrek en ons vol seep gesmeer, en dan het my pa ons een vir een oor die kant laat afsak en dan het ons die seep afgewas - tussen die krokodille. As ek no daaraan dink, word ek skoon bang.

Een nag het 'n hele trop olifante ons kamp bestorm. Ons het ons morsdood geskrik. My pa het ons in die lorrie in geboender en ons moes doodstil wees. Die olifante het verder gestorm en gelawaai. Dit was 'n paar benoude oomblikke.

Een aan het die mans 'n baie groot krokodil geskiet, en met die gespartel om die krokodil nader te kry, val die boot om en almal en alles is in die water. Net my pa kon swem. Hy het ook die geweer by hom gehad. Hy het gespartel om uit te kom terwyl hy die ander probeer help, en al die tyd hou hy

die geweer in die lug sodat dit droog en behoue bly.

Ek kan nie onthou hoe lank ons daar was nie, maar op 'n dag het my pa gesê die reën is op pad en ons moet vinnig oppak en terug. Wat 'n wonderlike ondervinding.

Ek onthou ook vir oom Otto Wurtz met sy gestremde hande. Hy het baie by my pa kom kuier.

My pa het gesê die reën is oppad en ons moet vinnig oppak

Ons het ook dikwels by oom Edward en tannie Joey Steyn gaan kuier, en ons was lekker maats met Edward en Maria. Ons het ook by die Nels gekuier - oom Louis en tannie Johanna. Dan was daar ook nog tant Truia du Toit wat naby ons gebly het en waar ons soms gaan kuier het. Ons het graag gekuier by oom Dries en tannie Lida Fourie. Toe ek nog heel klein was, het my ouers ook by oom Effie en tant Ralie van Wyngaardt gekuier, wat ek dink in Nakuru gewoon het.

Mei 1961 - dit het ons drie weke geneem om Beit Brug te bereik

In Mei 1961 het ons gepak, al die huisraad uitgedeel en weggegee. Die plaasimplemente wat by die vendusie gestaan het, het net daar gebly, en ons het die lang pad aangepak Unie toe. En op 31 Mei het die Unie toe 'n Republiek geword.

Ek onthou op die een grens moes ons ons horlosies regstel, en dit was vir ons baie snaaks - sodra jy deur die hek ry, is die tyd anders. Ons het stadig gery - op die uiteinde het dit ons drie weke geneem en op 3 Junie het ons by Beit Brug in die Republiek aangekom. Daar was baie mense op pad - party met 'n trekker en 'n sleepwa, ander met motorkarre of vragmotors in konvooi.


Waar ons een nag oorgeslaap het, het 'n jong man by ons aangesluit. Hy het deur die wêreld getoer op 'n motorfiets. Die aand het hy vir ons mondfluitjie gespeel. Met tye het hy die mondfluitjie halfpad in 'n vrugtebottel gesit en dan so gespeel. Dit het 'n pragtige klank afgegee.

My ma het ook 'n groot blik Marmite gekoop - 5 pond (wat vir ons baie snaaks was). Ons het baie blikke vol beskuit gebak, en koekies ook. Groente het ons by die mark gekoop in die dorpies waardeur ons gery het. Vrugte soos piesangs, papajas en mango's was ook volop.

Ek wens ek kon meer onthou, asook meer mense se name. Mens sien die gesigte so voor jou, maar die naam kan jy nie onthou nie.

Ek wil baie graag hoor van die ander mense wat saam met my jonk was, van wat hulle onthou. Dis heerlik om so terug te beweeg in tyd.

Ek woon in Marister, Benoni. My nommer is 011.9651279



**Hill School:** Office entrance before the fishpond roundabout was installed (www.geocities.com)

## Van die Redakteur. From the Editor

**Baie dankie vir u bydraes en belangstelling! Elke stukkie wat u ingestuur het, het gemaak dat HABARI vanjaar besonder vol is.**

**Your contributions have made for a very rich HABARI this year. Thank you for your support.**

**Please send contributions early. And, if possible, by e-mail. Vroeë bydraes sal baie waardeer word. Dit werk nog vinniger as hulle per e-pos kom. Dan hoef ons nie alles oor te tik nie.**

**e.h.dewaal@absamail.co.za**